

KERSSANGKONSERT IN KAÏRO

DEMONSTREER EENHEID TUSSEN CHRISTENE

Die Kerssangkonsert in St Josef Kerk in Kaïro, wat deur SAT-7 ARABIES uitgesaai is, is 'n bemoedigende voorbeeld van Christene se eenheid en impak in Egipte.

“Die Kerk in Egipte speel 'n baie belangrike rol. Getalle bepaal nie of mense effektief is en 'n impak maak nie. Selfs al is Christene min kan hulle steeds 'n groot impak op skole, hospitale, liefdadigheidsorganisasies, kunste en die samelewing uitoefen. Dit is die boodskap wat hulle uitdra wat belangrik is,” vertel Vader Boutros Danial, priester en koorleier by St Josef Kerk.

Die jaarlikse Kerssangkonsert word gereeld deur bekendes in Egipte, staatsamptenare en buitelandse diplomate bygewoon. Dit getuig van die buitengewone impak wat die Kerk, ten spyte van klein getalle, in Egipte maak. Die koor, geklee in rooi, wit en swart, is 'n sigbare bewys van die Christene se eenheid. Hulle stemme wat saamsmelt in die groot ruimte van die kerk, verteenwoordig die saamkom van baie verskillende denominasies.

Vader Danial verduidelik dat die kerk 'n bymekaarkomplek vir almal is. “Ons Kersfeeskoor bestaan uit 130 lede,” vertel hy. “Ons koor is nie beperk tot lidmate van ons eie kerk nie. Ons is baie trots op ons koorlede wat hier deelneem en God ook in hul eie kerke dien.”

Die unieke, kleurvolle St Josef Kerk is prominent tussen die omringende grys geboue in die hart van Kaïro. Die kerk is in 1875 deur 'n bekende Italiaanse argitek gebou en verteenwoordig die diverse Christelike geloof in Egipte. Dit is aanvanklik bedoel as 'n kerk vir Italiaanse buitelanders maar dien nou alle denominasies van Christene in Egipte.

St Josef Kerk is trouens die leier en voorganger van kerke in Egipte in die aanbied van Kerssangkonsertere—'n relatief nuwe tradisie in die land. Sedert die St Josef Kerk die jaarlikse konsert in die vroeë 2000's begin aanbied het, volg verskeie ander kerke die voorbeeld en bied die geleentheid aan belangstellendes om buiten die tradisionele Kersfees mis, Kerssangkonsertere ook by te woon.

- **Loof die Here vir elke geleentheid waar Sy Naam geëer word. Bid dat harte daardeur vernuwe word.**



Gebeds † Nuus



Januarie 2020

*Kerssangdiens,
St Josef Kerk in Kaïro*

MAAK
HOOP
SIGBAAR

SUID-AFRIKA KANTOOR:
Posbus 242
Carnarvon NC 8925
southafrica@sat7.org
+27(83)628 6488/+27(84)506 3399
Kontak asb kantoor vir bankbesonderhede

Kopiereg © 2020 SAT-7
www.sat7sa.org
www.sat7.org
www.sat7uk.org

VIËR KERSFEES IN DIE GEHEIM

Baie gelowiges in Iran vier Kersfees alleen of in die geheim. Ten spyte hiervan weerspieël hulle Kersfees boodskappe aan SAT-7 PARS hul onwrikbare geloof.

“Soos baie gelowiges in Iran, is ek alleen en is dit nie moontlik om saam met ander Christene te aanbid nie,” verduidelik Pedram*, 'n SAT-7 kyker. “Ons enigste manier om te deel in Kersfeesvierings is deur Farsi-sprekende Christen netwerke soos SAT-7. Dit is nou byna vyf jaar sedert ek my hart aan Jesus gegee het, maar ek weet van geen ander gelowiges in die dorp waar ek woon nie. Sommige gelowiges verkies om, uit vrees vir diskriminasie en vervolging, geheime gelowiges te wees.”

Hierdie boodskappe van SAT-7 se Iranese kykers is nie ongewoon nie. Offisiële kerke in Iran is slegs toeganklik vir ‘kulturele Christen’ Armeniërs of Assiriërs. Derhalwe moet gelowiges uit ander agtergronde onopsigtelik en in die geheim ontmoet en durf Kersfees nie openlik vier nie. Dikwels moet hulle hul geloof selfs vir familie en vriende wegsteek.

Delshaad* verduidelik: “Ons kan Kersfees nie sonder gevolge vier nie, en vir nuwe gelowiges is enige viering onmoontlik. Indien iemand – familie, vriende of bure – dit agterkom, sal dit probleme veroorsaak. Ek kan nie my aanbidning en vreugde teenoor die Here met Kersfees anders as net in my hart vier nie.”

Sirious*, 'n Armeense SAT-7 kyker reageer: “Baie Farsi-sprekendes kom Kersfees na Armeense kerke, maar ek is nie seker hoeveel van hulle ware gelowiges is nie. Dit mag wees dat van hulle spioene is. Derhalwe is ons genoodsaak om hulle weg te wys – al wat ons kan doen is om vir hulle te bid.”

“Ons is 'n geïsoleerde Christen familie van vier,” skryf Arvand* van Iran. “Ons versier 'n klein boompie en gee geskenke vir ons kinders. Kersfees herinner my dat ek verlore was en nou gered is; ek was dood in my sonde en deur die Here se ingrype is Skepper God nou my Vader. Daar mag baie probleme wees, maar loof God, want in Christus is ons kinders van die Koning – wat kan beter wees?”

*Name verander vir sekuriteitsredes.

- **Pleit by God vir vryheid om Hom openlik in gees en waarheid te aanbid, en vir beskerming, voorsiening en**

GEBEDSTENT IS BAKEN VAN LIG

Die proteste in Libanon duur steeds voort en ontwrig lewens. Die algemene behoefte aan basiese sosiale en ekonomiese geleenthede lei tot 'n ongekende eenheid tussen verskillende godsdienstige groepe.

'n Gebedstent is op die Martelaar Plein in Beirut, Libanon opgerig. Een van die organiseerders het teenoor SAT-7 ARABIES, wat die gebeure by die gebedstent uitsaai, getuig hoe hulle God wil eer met 'n “spesiale plek as 'n vuurtoring van gebed in hierdie land.”

Die kerk bestaan nie slegs om sy eie mense te dien nie, maar sien die nood van die wêreld en reageer daarop. In reaksie op gebeure is die plek waar die tent opgerig is doelbewus gekies op grond van die politieke aktiwiteite in die omgewing en die gepaardgaande geleentheid tot interaksie met die gemeenskap. 'n Moskee is reg oorkant die straat vanaf die tent geleë. Dit getuig van die hoë mate van verdraagsaamheid en samehörigheid wat die afgelope weke, midde die proteste, in Libanon heers.

Die organiseerders van die tent voer gesprekke met die protesteerders en vertel hulle dat “geen menslike mag Libanon kan red nie – dit is waarom Jesus ons prioriteit is.” Die teenwoordigheid van God is voelbaar vir die verbygangers. Hulle reaksie is: “Daar is vrede in hierdie tent.”

'n Sondag erediens is in die tent gehou, wat lofprysing en die gebruik van nagmaal ingesluit het. Moslems het dit ook bygewoon en deelgeneem aan die gebedstye en lofprysing saam met die Christene. Liedere soos “Come, Now is the Time to Worship” is in beide Arabies en Engels gesing.

'n Jong vrou getuig teenoor die SAT-7 span: “Ek het vandag gekom om vir Libanon te bid, vir die regering, vir die protesteerders, vir elke een.”

Sy verduidelik hoe die proteste reeds vir weke sonder ophou aangaan. Sy gaan voort: “Ons vertroue is in die Here. Ons glo Hy het 'n goeie plan vir Libanon.”

'n Ander vrou vertel dat hulle nie byeenkom net om te protesteer en hul standpunt te stel nie, maar dat hulle die Here vra om met hulle te wees. Sy beklemtoon dat hulle die Here se wil vir hul land soek. Verwysende na die gedeelte in 1 Samuel, verduidelik sy: “Daar was 'n tyd wat die mense gekies het, maar toe Dawid koning word, was dit God wat gekies het. Hy was 'n man na God se hart, en nou wil ons dat God die leiers kies, nie die mense nie.”

Een van die mans by die gebedstent verduidelik: “Ons glo niemand kan 'n verandering in Libanon bring nie, net die Here kan deur gebed, want gebed verander 'n samelewing ... Ons wag op die vervulling van God se beloftes vir Libanon. Ons hou vas aan God se Woord en pleit by Hom: ‘Hier is die volk wat ons aan U oorgee.’ ”

Iemand anders deel dieselfde gedagte: “Dit is ons hoop, dat meer en meer mense sal verstaan ons moet bid.” Tydens die groepsgebede bid hy: “Die Heer van die here is die finale Oorwinnaar van alle veldslae. Die finale woord behoort aan die Here!”

Die algemene hoop van almal wat in die gebedstent bymekaarkom is om 'n ware verandering in hul geliefde land te sien. Hulle glo geloof verenig die mense en erken dat “slegs God ware verandering kan bewerk.” Een van die mans verklaar: “Ons moet onself verootmoedig voor God en Hom vra om ons land te genees.”

SAT-7 kyker Samar het na SAT-7 ARABIES ingebel: “Ons vrees nie, want ons toekoms is in God se hande ... al lyk alles nou donker, glo ons dat Hy Sy ware lig in die duisternis sal laat skyn.



[Video:](#)
“The church isn't just walls”

• **Volhard asseblief in gebed vir die mense van Libanon. Bid vir 'n vreedsame oplossing vir die konflik en vir die aanstel van 'n regverdigde regering.**

ONTMOET ONS KYKERS



Bid asb vir die volgende kykers terwyl jy hulle boodskappe lees:

KYKER IN IRAN

“Ons kerk behels net om kerse buite die gebou aan te steek. Ek smag om die Here te ontmoet. Ek wil my hart vir Christus gee.”

KYKER IN TURKYE

“Ek kyk na die afbeelding van Jesus en kry Hom so lief, maar ek weet niks van Hom nie. Ek kan hierdie dinge nie met my familie of enigiemand anders deel nie. Help my om Jesus te leer ken.”

KYKER IN DIE MIDDE-OOSTE

“Ons was deel van 'n aanbiddingsgroep, maar dit is verbied. Ons durf nie waag om ander Christene te kontak nie. Loof die Here dat ons kontak met ander gelowiges kan maak deur julle programme. Julle help ons om Christus te leer ken.”

TIENER KYKER IN ALGERIË

“Dit ontstel my om te sien hoe die owerheid vrouens uit die kerk sleep. Bid dat ons regte as gelowiges in ons land erken sal word.”

KYKER IN IRAN

“Ek kyk na julle programme en hoor die gebede wat met soveel liefde gebid word. Ek ervaar dan vrede. Dit is hoekom ek meer van die Christelike geloof wil leer. Help my om Jesus te leer ken.”